WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT

LUG JOU MENING

OPENBARE VERHORE EN VOORLEGGINGS OOR DIE WES-KAAPSE WETSONTWERP OP PROVINSIALE VERVOERINFRASTRUKTUUR [W 5–2021]

Die Staande Komitee oor Vervoer en Openbare Werke van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement nooi belanghebbendes, belangstellende persone en organisasies uit om voorleggings te maak oor die Wes-Kaapse Wetsontwerp op Provinsiale Vervoerinfrastruktuur [W 5–2021].

Die doel van die Wetsontwerp is om voorsiening te maak vir die beplanning, verklaring, ontwerp, konstruksie, instandhouding, beheer, bestuur, regulering, opgradering en rehabilitasie van paaie, spoorlyne en verwante vervoerinfrastruktuur in die Wes-Kaap; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

'n Afskrif van die Wetsontwerp is op die webtuiste van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement by www.wcpp.gov.za beskikbaar.

Diegene wat belangstel om met die Komitee te skakel, kan skriftelike voorleggings per e-pos (jcoetzee@wcpp.gov.za) indien of mondelinge voorleggings as stemnotas op WhatsApp (selfoonnommer: 064 763 9034) stuur. Partye kan ook versoek om voor die Komitee te verskyn om mondelinge aanbiedings te maak.

Alle voorleggings, navrae en versoeke om voor die Staande Komitee te verskyn moet die Staande Komitee bereik teen nie later nie as **Dinsdag 3 Mei 2022** en kan gerig word aan mnr Johan Coetzee (tel: 021 487 17171 of e-pos: jcoetzee@wcpp.gov.za).

Openbare verhore sal soos volg gehou word:

DATUM	TYD	PLEK	FORMAAT
17 Mei 2022	18:00	George Burgersentrum, Yorkstraat 71, George	In persoon
24 Mei 2022	18:00	Wes-Kaapse Provinsiale Parlement Raadsaal (sesde verdieping) Waalstraat 7 Kaapstad	Hibried en in persoon

Uitgereik deur: Mnr D America (LPP), Voorsitter van die Staande Komitee oor Vervoer en Openbare Werke.